# TUIN VAN DIGTERS 2026

VRYDAG 11 SEPTEMBER
+ SATERDAG 12 SEPTEMBER

## menswaardig

100% handgemaak

tuin van digters

## HOOFBORGE

Dagbreek Trust, Jonathan Ball Publishers, ATKV, NATi, Drakenstein Munisipaliteit.

## AANBIEDINGSVENNOTE

Lategan's Sementwerke, Dragon Padel Wellington, Naledi, Turksvy Publikasies, Ons Klyntji, PEN Afrikaans, Uhlanga Press, Protea, Diemersfontein Wyne.

## ONDERSTEUNERS EN MEDEWERKERS

Fiësta/kykNET, Bargain Books Paarl, Protea Boekhuis, LitNet, Die Burger, Paarl Post, Netwerk24, Maroela Media, War Room Media, Daniël du Plessis, Wellington Kunsvereniging, In & Out Events, Die ATKV Bôrdienghuis Teater.



## PROGRAM ONDERHEWIG AAN VERANDERING

Volg @Breytenbachsentrum op Facebook en Instagram en hou die webwerf, www.breytenbachsentrum.co.za, dop vir die nuutste inligting oor die Tuin van Digters 2026.

Program ontwerp deur Hond Studios.


Die programme is gedruk met die ondersteuning van FHBC Groep van Maatskappye.

breytenbachsentrum

# TUIN VAN DIGTERS 2026

# menswaardig

100% handgemaak



# Van die bestuurder

Die Breytenbach Sentrum is 'n plek waar daar ruimte moet wees vir wat nog nie klaar gedink, gemaak of gesê is nie. Ons wil uitdagend skeppend wees, 'n ruimte vir verruimende denke, gesprek en ontmoeting, waar kunstenaars en deelnemers mekaar op onverwagse plekke kan vind.

Dit is ook 'n plek van aangee, 'n begrip wat aansluit by Breyten Breytenbach se denke oor die rol van kuns en kultuur. Iets word aan jou toevertrou, jy neem dit verder en gee dit weer aan. As 'n multidissiplinêre kultuursentrum wil die Breytenbach Sentrum ruimte skep waar verskillende kunsvorme, idees en mense op mekaar kan inwerk.

Tuin van Digters is 'n besondere uitdrukking hiervan. As Afrikaanse poësiefees is die Tuin van Digters 'n plek waar digters hul werk deel, waar feesgangers saam luister en gesprek voer, en waar die poësie deel word van groter gesprekke oor die wêreld waarin ons leef.

In 'n wêreld waarin virtuele ruimtes toenemend deel van ons daaglikse lewe word, hoop ek dat Tuin van Digters ook vanjaar 'n plek sal wees waar mense met mekaar omgaan, ná 'n program nog 'n rukkie bly staan en gesels, en dalk 'n gedagte verder neem.

As bestuurder van die Breytenbach Sentrum is dit vir my 'n voorreg om saam met ons medewerkers hierdie ruimte en hierdie fees verder uit te bou. 'n Kultuursentrum leef uiteindelik in dit wat hier gebeur en wat van mens tot mens aangegee word.

André Terblanche

**Breytenbach Sentrum:**
**Uitvoerende bestuurder en feesorganiseerder**

# Van die feeskurator


Vanjaar se fees-tema, MENSWAARDIG, wil Tuin van Digters as 'n mens-sentriese fees posisioneer in 'n tyd waarin baie van die samelewing se intellektuele (en letterlike!) energie in masjiene gestort word. Die woord "menswaardig" is 'n houer waarin 'n klomp betekenisse en moontlikhede saam leef: menslikheid, plek, waarheid, waardigheid en digkuns.

Poësie, wat van asem, ervaring en breinvuur gemaak word, is gelyktydig 'n manier van mens-wees en 'n manier om die eienaardighede van menswees op te teken: bewussyn, emosie, oorspronklikheid, eerste-persoon insigte, kreatiwiteit, pynlike prosesse, onsekerheid, twyfel. Woorde is waardevol omdat die menslike digter met sy of haar lewe daarvoor betaal.

By die Tuin van Digters glo ons digkuns, en die mense wat gedigte met die hand en die hart maak, is ons tyd en aandag waardig.

Bibi Slippers

**Feeskurator**



## VRYDAG

# 11 SEPTEMBER 2026

### Plek van deelname en deelwórd

**16:00 – 16:45 | ATKV Akkoordtent**
**Curtus van Kerwel en musiekstudente**


Luister na Curtus van Kerwel en sy musiekstudente in 'n program wat die vrug van toegewyde musiekopleiding by die Breytenbach Sentrum ten toon stel.



### Onthou is die dag wat breek

**17:00 – 17:45 | ATKV Akkoordtent**
**Alwyn Roux en Neil Cochrane**
**Gespreksleier: Bibi Slippers**

Om te onthou, wat ons onthou en die maniere waarop ons onthou speel 'n groot rol in ons menslikheid en identiteit. In *Onthou is die dag wat breek* bring mededigters hulde aan bekende en geliefde Afrikaanse digter Lina Spies. Bibi Slippers gesels met Alwyn Roux en Neil Cochrane, die samestellers van die bundel, oor herinnering en voortsetting, en die spesifieke menslikheid van Spies soos dit in haar werk verwoord word. Van die digters wat in die bundel opgeneem is lees ook hulle bydraes voor.










# FEESUITSTALLINGS



**18:00 – 18:45 | Binnehof**
**Kurator: Anne-Ghrett Erasmus**
**Openingspreker: Johan Myburg**
**Aangebied deur Diemersfontein Wyne**
**Kunstenaars:** Anja Black, Nhlanhla Nhlapo, Elizabeth Gunter, Shui-Lyn White, Ruan Huisamen, Louis Jansen van Vuuren, Michele Davidson, Kobus La Grange, Kobus Coetzee, Estelle Marais, Strijdom van der Merwe, Victoria du Toit, Bibi Slippers, Alisa Farr, Daniël du Plessis, Jacques Dhont, Laurie Wiid van Heerden en Kevin Reinders

### Die vlam van vertel


"om die holtes te vul met die vlam van vertel."
– Breyten Breytenbach


Ons mense is mos storie-diere, en die lig waarby ons leef is die vlam van vertel. Die vlam is oer-oud, dis lewendig, dit verteer en dit versprei. Vanjaar se uitstalling in die Breytenbach Galery kyk dieper na die narratiewe instink: ons is vol vrae, en ons vertel stories om daardie holtes te vul; ons vertel stories om aan oomblikke vas te hou; ons maak betekenis in begin, middel en einde. Digter en kunsjoernalis Johan Myburg is die openingspreker.


### Woordsketsers

*"Ons lees om te weet ons is nie alleen nie."*
– C.S. Lewis

Hierdie foto-uitstalling deur Willem Mulder bestaan uit 'n reeks portretstudies van Suid-Afrika se lewende woordsketsers: digters en skrywers wat ons help om onsself en die wêreld beter te verstaan. Ons leef immers tussen woorde lank voordat ons dit self skryf. Die mense in dié foto's wys met hul woorde dat ons nie alleen is nie.







VRYDAG

# AMBERKAMER
# JOAN HAMBIDGE


**19:00 – 19:45 | ATKV**
**Akkoordtent**
**Joan Hambidge en Karen de Wet**
**Toonsettings: Laurinda Hofmeyr**
**Voorlesings: Nina Swart**

Dis nie aldag dat 'n mens 'n groot mylpaal kan vier op die dag wat dit gebeur nie, maar die gode van gedigte het dit vanjaar so bestem: Joan Hambidge word op 11 September 70, en word op hierdie dag by die Tuin van Digters gehuldig vir haar werk, wat meer as 40 publikasies beslaan.

Karen de Wet, samesteller van die versamelbundel *Amberkamer*, sal oor Joan se oeuvre praat; Laurinda Hofmeyr sing toonsettings van Joan se werk, en Nina Swart lees van haar mees geliefde gedigte voor.

"Ek skryf poësie enkel uit genade. 'n Mens gaan soek nie na poësie nie, poësie besoek jou."

"Poësie gaan nooit primêr oor 'n onderwerp nie, maar oor taal en obsessies en die vergestalting daarvan."



"Ek sien die lewe as 'n leerproses. Geen mens het ooit alle wysheid in pag nie. Jy leer van verskillende mense."


"Gedigte skryf is joernaal hou van die tyd waarbinne ons leef en ek probeer iets vasvang ~~van~~ in 'n vervlietende en moeilike tydsgewrig waar ons weens tegnologie te veel beleef, te veel sien, te veel weet."

*Aanhalings met vergunning van LitNet.*


VRYDAG

## Gewone woorde

**20:00 – 20:45**
**Aangebied deur Lategan's Sementwerke en NATi**
**Met Laurinda Hofmeyr, Kevin Gibson en Schalk Joubert**




Laurinda is in verwondering oor hoe die mensgemaakte rangskikkings van gewone woorde soveel trefkrag kan hê.
Terwyl sy die afgelope jare by groter produksies betrokke is, sien sy uit om weer, soos van ouds, saam met die fenomenale Kevin Gibson en Schalk Joubert, nuwe lewe te gee aan die woorde van digters soos Van Wyk Louw, Antjie Krog en vele meer. Die gehoor kan uitsien na 'n intieme musikale ervaring saam met hierdie gesoute trio.



## Buurvrou en die gawe gedigte van langsaan

**21:00 – 21:45 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur Dragon Padel Wellington en NATi**
**Beer Adriaanse, Carla Smith, Nienke Geldenhuys en Luka Geldenhuys**



Een van die dinge wat mense soms oor poësie te sê het, is dat dit "moeilik" is, of te gekompliseerd om te verstaan. Die vars folk-groep Buurvrou (Beer Adriaanse, Carla Smith, Nienke Geldenhuys, Luka Geldenhuys) is egter hier om daardie miskonsepsie hok te slaan. In hierdie vertoning word voorlesings van bekende, gewilde en vergete gedigte met eenvoudige, heilsame "meisie langsaan"-energie vermeng met Buurvrou se eie aardse liedjies. Treffende verse ontmoet onvergeetlike klanke.



SATERDAG

# 12 SEPTEMBER 2026

## Stembande

**9:00 – 9:45 | Digterstuin**
**Opnames van verskeie digters wat hul eie gedigte voorlees**

Vind 'n sitplek in die tuin en spits jou ore om die teenwoordigheid van digters wat afwesig is intiem te ervaar. Stemopnames van digters wat ver woon, elders is, of reeds heengegaan het, weerklink deur die tuin. Die digter se stem is uniek soos 'n vingerafdruk. Elke stem is voortgebring deur 'n liggaam, en gemaak uit iemand se asem. Dit vang gedagtes vas, en klankgolwe, en bewaar iemand se teenwoordigheid op aarde. Hier kan jy poësie op die oer-oue manier ervaar: deur bloot te luister.


## Meer digdink is nodig

**10:00 – 10:45 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur Drakenstein Munisipaliteit**

Digdink is deel van mensword – en meer digdink beteken dat ons meer menswaardigheid in die wêreld kweek.

Jong digters van Weltevrede Hoërskool, Wellington Hoërskool, Bergrivier Sekondêr, Hugenote Hoërskool en CPUT Wellington-kampus leer digdink deur self te skryf, en lees hul eie gedigte vir ons voor. Onder leiding van Lindsey Bruintjies kry nuwe stemme die geleentheid om gehoor te word.





## Vreugdes van gees en vlees

**10:00 – 10:45 | Woordtent**
**Anri Botha en Daniel Hugo**
**Gespreksleier: Neil Cochrane**

Digters Daniel Hugo (*Vers en Kapittel III*) en Anri Botha (*Bakeliet*) gesels oor hul jongste bundels, en die mens se soeke na en ervaring van vreugde. Die vreugdes van die gees en die vlees kom ter sprake (Anri is immers 'n wynmaker) en die digters dink hardop oor dit wat lekker is aan lees en skryf, en die gesukkel wat ook soms daarmee saamgaan. Wat is die unieke aantrekkingskrag van die poësie, en waarom het ons as mense digkuns so nodig? Neil Cochrane lei die gesprek.





## Die stoel langsaan



**11:00 – 11:45 | ATKV Akkoordtent**
**Mengelmoesdigters**

Die Mengelmoesdigters, 'n kollektief van digters wat mekaar gevind het by die Breytenbach Sentrum onder leiding van Diana Ferrus, se werk beweeg op die grens tussen individuele stem en gedeelde verhaal. *Die stoel langsaan* is 'n verweefde poëtiese ervaring eerder as 'n reeks afsonderlike voorlesings, waar stemme mekaar ontmoet, aanvul en dra.

Dit groei uit hulle gedeelde geskiedenis by die Tuin van Digters, 'n ruimte waar Diana Ferrus se stem steeds naby bly. Dis nie slegs 'n huldeblyk nie, maar 'n poëtiese ondersoek na teenwoordigheid binne afwesigheid.

# SATERDAG



## Ek weet dit want


**11:00 – 11:45 | Woordtent**
**Carina van der Walt en Jennifer Pape**
**Gespreksleier: Tom Dreyer**

Wat ons as mense weet, weet ons omdat ons beliggaamd is. Ons weet met hart en met mond en met hande. Jennifer Pape (*waar daar eens 'n see was*) en Carina van der Walt (*Dagboek van 'n Frankofiel*) gesels met Tom Dreyer oor wat hulle weet, hoe hulle tot daardie wete gekom het, en hoe hulle dit wat hulle weet onder woorde bring. Is daar dinge wat gedigte weet voordat die skrywer dit bewustelik weet, en hoe bring die skryfproses daardie kennis na vore?

## Die vryval tussen asem

**12:00 – 12:45 | Woordtent**
**Pieter Hugo en Hannes Visser**
**Onderhoud: Amanda Marais**

In sy tweede digbundel, *tussen asem*, ondersoek Hannes Visser die gedagte dat die heel eerste asem van 'n lewe die begin van die heel laaste asem is. Pieter Hugo skryf in *Vryval* (ook 'n tweede bundel) oor die dinge wat tussen daardie eerste en laaste asem gebeur, en soek na balans tussen vry wees en val. Amanda Marais gesels met die manne oor hulle skryfwerk en hulle benadering tot die lewe, en hoe 'n mens die meeste kan maak van die vryval tussen jou eerste en laaste asem.



## Steierwerk


**13:00 – 13:45 | ATKV Akkoordtent**
**Johan Myburg**
**Gespreksleier: Karen de Wet**

Johan Myburg se jongste bundel, *Steierwerk*, bestaan uit 71 sonnette ryk aan 'n uiteenlopende ervaringswêreld. Die vaste versvorm dien as stellasie waarmee Myburg sy verse bou. Hierdie meta-poëtiese gedigte ontgin egter ook 'n ander betekenis van die bundeltitel, naamlik dié van wankeling. *Steierwerk* is 'n aangrypende verkenning van verval: van eie lyf, kuns en land. Karen de Wet vra Myburg uit oor die bundel, oor groei, oor verganklikheid en die "glans van menslikheid" waaroor hy so boeiend skryf.


## Open Mic: Toekomswoorde

**13:00 – 13:45 | Woordtent**
**Aanbieder: Deon Meiring**

*Toekomswoorde* bied aan opkomende en gevestigde digters die geleentheid om hul eie gedigte tydens die Tuin van Digters voor te lees. Voornemende deelnemers wat hul werk op die *open mic* wil deel, kan teen 4 September vir Deon Meiring 'n WhatsApp-boodskap stuur by 082 464 7897 of 'n e-pos stuur aan deonmeiringvideos@gmail.com.




**SATERDAG**



## Mense-mense

**14:15 – 15:00 | ATKV Akkoordtent**
**Magé Troskie (musiek) en Miché van Wyk (voorlesings)**
**Aangebied in samewerking met NATi**

Magé Troskie, 2025 se ATKV Taalgenoot Ruk-en-Rym-wenner, het 'n unieke manier om stories en musiek te verweef, en een van haar groot talente is om die essensie van 'n mens in haar liedjies vas te vang. Sy sê liedjies skryf is soos tuinmaak in jou binneste, en dat mense wat daarna luister genooi word om in die einste tuin te kom asem skep. Magé se liedjies en stories oor mense word verder verryk deur bekende mense-gedigte, voorgelees deur aktrise en skrywer Miché van Wyk.



## Ek't ons't


**15:15 – 16:00 | ATKV Akkoordtent**
**'n Paneelbespreking aangebied deur PEN Afrikaans**
**Veronique Jephtas, Pieter Odendaal, Bibi Slippers, Shane van der Hoven**
**Gespreksleier: Bibi Burger**


Hierdie gesprek bring verskeie digters byeen om met Bibi Burger oor hul werk en die vertrekpunte in hul skryfprosesse te gesels. Soos die titel aandui, sal die gesprek draai by die self as bron van ervaring, herinnering en verbeelding in die skryf van poësie. Terselfdertyd dui dit op die mens in verhouding met ander: die besef dat identiteit (en gedigte?) nie in isolasie gevorm word nie, maar deur ontmoeting, gemeenskap en verbondenheid: dat 'n mens 'n mens deur mense is.

## Hoogtes en hier-wees

**16:15 – 17:15 | ATKV Akkoordtent**
**Tom Dreyer, Danie Marais en Mustafa Stitou**
**Gespreksleier: Louise Viljoen**

Twee van ons voorste digters en 'n groot gees uit Nederland deel insigte en ervarings uit die verhewe wêreld van die verbeelding en die rou realiteit van die alledaagse lewe. Tom Dreyer, Danie Marais en Mustafa Stitou gesels met Louise Viljoen oor *Brief op 40 000 voet*, *Ek is nie Danie* en *Waar is het lam?*






## Die kuns van kruip

**17:30 – 18:15 | Woordtent**
**Fourie Botha en Shane van der Hoven**
**Gespreksleier: Bibi Burger**

*Kruiper-Crawler* is kweer, radikaal, tweetalig en veelgesegmenteerd. In hierdie debuut verken Shane van der Hoven beide die uitgestrekte Laeveld en die vervallende stad deur die metafoor van die Bybelse kruiper – die groteske, misverstane en onregverdig-belasterde wesens van die aarde en struikveld. In *Kolam* gebruik Fourie Botha dié tradisionele kunsvorm uit Indië as metafoor om sy reisbeskrywings, erotiese gedigte, tekste oor argitektuur, familie, diere en die belewenis van die Covid-pandemie saam te snoer en diep kulturele en spirituele betekenis te aktiveer. Bibi Burger vind die raakpunte saam met die digters.

# SATERDAG

## Ingrid Jonker-prys

**18:30 – 19:00 | ATKV Akkoordtent**


'n Hoogtepunt van Tuin van Digters is die jaarlikse oorhandiging van die Ingrid Jonker-prys, wat beurtelings aan 'n Afrikaanse of Engelse debuutdigbundel toegeken word. Vanjaar word die skrywer van 'n Engelse bundel bekroon.

Vanjaar se wenner is Sarah Uheida vir haar bundel, *Not This Tender* (Dryad Press).

## Ons Klyntji – 130 jaar

**19:15 – 20:15**
**Toast Coetzer en Erns Grundling**

Die alternatiewe zine *Ons Klyntji* is vanjaar 130 jaar oud! Kom luister na die heel eerste voorlesings uit die kraakvars 2026-uitgawe wat by hierdie geleentheid bekendgestel word, en geniet hoogtepunte uit vorige jaargange – van die Koos Kombuis-era in die 1990's en die Oppikoppi-jare tot nou… Toast Coetzer en Erns Grundling is die gashere, en nuwe stemme deel die verhoog met legendes en ikone.







## Oopmond + oopkop



**20:30 tot laat**
**Digters: Danie Marais, Toast Coetzer, Anna-Bet Stemmet, Andries de Beer en Churchill Naude**
**Musikante: Hanru Niemand + Deon Meiring**
**Beeldende kunstenaar: Evert Esterhuizen**
**Skeidsregter: Henry Cloete**

Oopmond is 'n woord-en-musiek aangeleentheid soos min. Die bestanddele vir dié ongewone stuk teater is eenvoudig: twee spanne digters en 'n paar musikante, 'n visuele kunstenaar, en 'n maltrap seremoniemeester/skeidsregter. En, natuurlik, 'n pretbeluste gehoor.

Die digters en musikante ding as groepe mee teen mekaar. Hulle ontvang 'n tema (bepaal deur die gehoor) en het 10 minute om 'n nuwe, impromptu gedig te skryf, wat dan direk daarna, binne 20 minute, deur 'n span musikante getoonset word.

Intussen skep die beeldende kunstenaar 'n werk na aanleiding van hul interpretasie van die temas. En dan doen ons dit nóg 'n slag!

Die uiteinde? Twee splinternuwe songs, 'n handvol nuwe gedigte, en 'n fantastiese kunswerk (of twee) op die koop toe. Net so, daar voor jou oë en om jou ore. Tussendeur is daar warm-onder-die-kraag-toordery met bestaande woorde en oorspronklike musiek.

**Na afloop van Oopmond hou ons tot laatnag partytjie saam met Nick Turner, Jannie "Hanepoot" van Tonder en kie.**

| VRYDAG 11 September 2026 16:00 tot 21:45 | | | |
|---|---|---|---|
| 16:00 - 16:45<br>45 min | **Plek van deelname en deelwórd** | Curtus van Kerwel en musiekstudente | ATKV Akkoordtent |
| 17:00 - 17:45<br>45 min | **Onthou is die dag wat breek** | Alwyn Roux en Neil Cochrane<br>Gespreksleier: Bibi Slippers | ATKV Akkoordtent |
| 18:00 - 18:45<br>45 min | **Feesuitstallings** | Kurator: Anne-Ghrett Erasmus<br>Openingspreker: Johan Myburg | Binnehof |
| 19:00 - 19:45<br>45 min | **Amberkamer:** Joan Hambidge word 70 | Joan Hambidge en Karen de Wet<br>Toonsettings: Laurinda Hofmeyr<br>Voorlesings: Nina Swart | ATKV Akkoordtent |
| 20:00 - 20:45<br>45 min | **Gewone woorde** | Laurinda Hofmeyr, Kevin Gibson en Schalk Joubert | ATKV Akkoordtent |
| 21:00 - 21:45<br>45 min | **Buurvrou en die gawe gedigte van langsaan** | Beer Adriaanse, Carla Smith, Nienke Geldenhuys en Luka Geldenhuys | ATKV Akkoordtent |

| SATERDAG 12 September 2026 9:00 tot 11:45 | | | |
|---|---|---|---|
| 9:00 - 9:45<br>45 min | **Stembande** | Opnames van verskeie digters wat hul eie gedigte voorlees | Digterstuin |
| 10:00 - 10:45<br>45 min | **Meer digdink is nodig** | Jong digters van Weltevrede Hoërskool, Wellington Hoërskool, Bergrivier Sekondêr, Hugenote Hoërskool en CPUT Wellington-kampus | ATKV Akkoordtent |
| 10:00 - 10:45<br>45 min | **Vreugdes van gees en vlees** | Anri Botha en Daniel Hugo<br>Gespreksleier: Neil Cochrane | Woordtent |
| 11:00 - 11:45<br>45 min | **Die stoel langsaan** | Mengelmoesdigters | ATKV Akkoordtent |

| SATERDAG 12 September 2026 11:00 tot laat | | | |
|---|---|---|---|
| 11:00 - 11:45<br>45 min | **Ek weet dit want** | Carina van der Walt en Jennifer Pape<br>Gespreksleier: Tom Dreyer | Woordtent |
| 12:00 - 12:45<br>45 min | **Die vryval tussen asem** | Pieter Hugo en Hannes Visser<br>Onderhoud: Amanda Marais | Woordtent |
| 13:00 - 13:45<br>45 min | **Steierwerk** | Johan Myburg<br>Gespreksleier: Karen de Wet | ATKV Akkoordtent |
| 13:00 - 13:45<br>45 min | **Open Mic: Toekoms-woorde** | Aanbieder: Deon Meiring | Woordtent |
| 14:15 - 15:00<br>45 min | **Mense-mense** | Magé Troskie (musiek) en Miché van Wyk (voorlesings) | ATKV Akkoordtent |
| 15:15 - 16:00<br>45 min | **Ek't ons't** 'n Paneel-bespreking aangebied deur PEN Afrikaans | Veronique Jephtas, Pieter Odendaal, Bibi Slippers en Shane van der Hoven<br>Gespreksleier: Bibi Burger | ATKV Akkoordtent |
| 16:15 - 17:15<br>60 min | **Hoogtes en hier-wees** | Tom Dreyer, Danie Marais en Mustafa Stitou<br>Gespreksleier: Louise Viljoen | ATKV Akkoordtent |
| 17:30 - 18:15<br>45 min | **Die kuns van kruip** | Fourie Botha en Shane van der Hoven<br>Gespreksleier: Bibi Burger | Woordtent |
| 18:30 - 19:00<br>30 min | **Ingrid Jonker-Prys** | Sarah Uheida | ATKV Akkoordtent |
| 19:15 - 20:15<br>60 min | **Ons Klyntji - 130 jaar** | Toast Coetzer en Erns Grundling | ATKV Akkoordtent |
| 20:30 tot laat | **Oopmond + oopkop** | Digters: Danie Marais, Toast Coetzer, Anna-Bet Stemmet, Andries de Beer<br>Musikante: Hanru Niemand + Deon Meiring<br>Skeidsregter: Henry Cloete | ATKV Akkoordtent |

## GOED OM TE WEET

### INGANG NA TUIN VAN DIGTERS

Die ingang na die hoofgebou is by **Burgerstraat 14.**

Daar is twee tente by Tuin van Digters, die **ATKV Akkoordtent** en die **Woordtent.**

Pizza, wyn en ander drank is in die **ATKV Bôrdienghuis Teater** te koop en koffie en ander eetgoed by stalletjies op die terrein.



### BOEKSTALLETJIE

**Bargain Books Paarl** en **Protea Boekwinkel** het boekstalletjies waar digbundels en ander publikasies wat onlangs en vroeër verskyn het, gekoop kan word. **The Book Traders**-boekwinkel in die hoofgebou het ook 'n uitsonderlike versameling tweedehandse boeke.

### KUNSWINKEL

**A&G** ("aangee") op die voorstoep van die hoofgebou bied 'n verskeidenheid kuns en leefstylprodukte deur plaaslike produsente en van die land se voorste kunstenaars.

### VERDERE NAVRAE

**Breytenbach Sentrum,**
**Burgerstraat 14, Wellington**
Kontak ons by 066 289 2212
of per e-pos by
**info@breytenbachsentrum.co.za**

## MENSE OM TE KONTAK

**André Terblanché**
Sentrumbestuurder en feesorganiseerder
076 147 8300
andre@breytenbachsentrum.co.za

**Bibi Slippers**
Feeskurator

**Deon Meiring**
Skakeling met deelnemers en ontvanger van Open Mic aansoeke
082 464 7897
deonmeiringvideos@gmail.com

**Jessica Ruiters**
Administrasie, noodhulp, kaartjies en besprekings
066 289 2212
jessica@breytenbachsentrum.co.za

**Anne-Ghrett Erasmus Coetzee**
Breytenbach Galery en verblyf
083 415 0002
galery@breytenbachsentrum.co.za

pen AFRIKAANS

**PEN Afrikaans** is 'n skrywers-organisasie wat hom onder meer beywer vir die bevordering van Afrikaanse woordkuns en die letterkunde in die algemeen, sowel as vir uitdrukkingsvryheid en taalregte. Lede van PEN Afrikaans wie se ledegeld opbetaal is, kan Tuin van Digters gratis bywoon.

# TUIN VAN DIGTERS 2026

## KAARTJIEVERKOPE

**Kaartjies kan gekoop word by *Quicket* by**
https://www.quicket.co.za/events/355845-tuin-van-digters-2026/

**Toegang vir Vrydag 11 September**
R100 per volwassene (alle programitems ingesluit)

**Toegang vir Saterdag 12 September**
R250 per volwassene (alle programitems ingesluit)

**'n Naweekpas vir Vrydag 11 September en Saterdag 12 September**
R300 per volwassene vir 'n naweekkaartjie

**Studente**
R100 per student vir 'n naweekpas (met geldige studentekaart)

**Kinders onder 16**
R50 per dag

**Opbetaalde lede van PEN Afrikaans**
Gratis toegang

breytenbachsentrum